

# Pawnee is 'n uitsekende bestuiwer met 'n kort groeiseisoen.

## Pawnee I (geel & oranje)

'n Goeie eienskap van Pawnee is sy koue verdraagsaamheid en daarom is Pawnee 'n goeie keuse vir gebiede met laat of vroë ryp. Weens die kultivar se kort groeiseisoen word die neute vroër ryp as enige ander kultivar, wat die oes periode verleng en die oesdruk kan verlaag. Neute is groot en van uitstekende gehalte, maar vol produksie word eers op 'n later ouderdom bereik. Pawnee vorm sterk raamtakke en het 'n regop groei patroon, wat die kultivar geskik maak vir hoë digtheids aanplantings. Beperkende faktore is sink tekort en 'n medium opbrengs. Groot trosse neute word gevorm maar nie alle neute in die tros word behoorlik gevul nie. Pawnee het 'n goeie weerstand teen insekte maar word wel deur insekte soos die Geel Pekan Plantluis en blaar vretende kewers aangeval.

### Bestuiwing:

In die Westelike produksie gebiede is Pawnee die beste bestuiwer vir Wichita en kan saam met Western as bestuiwers vir Wichita geplant word. Wichita en Western is die kultivars wat Pawnee bestuif.

### Voordele:

- Goeie bestuiwer
- Koue verdraagsaamheid
- Kort groeiseisoen
- Groot neute
- Sterk mikke en raamtakke
- Hoë uitdoppersentasie
- Medium weerstand teen skurfsiekte.
- Weerstand teen insekte
- Regop groei patroon

### Nadele:

- 1.8 ton kultivar
- Kom laat in produksie.
- Hoë sink behoefte

### Nuwe aanplantings:

Pawnee word aanbeveel as 'n addisionele bestuiwer in Wichita boorde. Weens sy kort groeiseisoen kan Pawnee saam met Western en Barton geplant word in gebied waar vroë of laat ryp voorkom.

Opgestel deur Heiko Meier